higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT AANLEG EN MASJINERIE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Om diere te tem, is om hulle mak te maak sodat hulle nie meer wild is nie.

1.2 Meganisering vind plaas wanneer mense masjiene gebruik om hulle te help met fisiese werk.

1.3 Die middeleeuse era het om en by die tiende eeu AE begin.

1.4 Bokoste is die koste verbonde aan die bedryf van 'n projek soos elektrisiteit, arbeid en die huur van toerusting.

1.5 'n Kontrakteur is 'n persoon of 'n maatskappy wat 'n kontrak verkry het om vir 'n ander maatskappy te werk.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2: WETGEWING EN VEILIGHEIDSREGULASIES

2.1 Die regering het bepaalde wette of wetgewing uitgevaardig waarin die belangrikheid van veiligheid in die boubedryf beskryf word. Die wette word deur middel van beskrywings deurgegee.

Noem VYF stukke wetgewing waarin die belangrikheid van veiligheid in die boubedryf beskryf word. (5)

2.2 Dui die hoofdoel van wetgewing en regulasies oor gesondheid en veiligheid in die boubedryf aan. (3)

2.3 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 is belangrik vir die boubedryf aangesien dit duidelike reëls oor veilige werkstoestande vir sowel die werkgewer as die werknemer voorskryf.

2.3.1 Dui TWEE werksplekke aan waarin werkers van hierdie wet uitgesluit word. (2)

2.3.2 Noem enige DRIE soorte werkers wat die wet insluit. (3)

2.4 Skryf die volgende afkortings uit wat in Aanleg en Toerusting Vlak 2 gebruik word:

2.4.1 TPB ('PPE')

2.4.2 VOMS ('SEMS')

(2 × 1) (2)
[15]

VRAAG 3: NOODHULP

3.1 Daar is drie verskillende prioriteitsvlakke.

Noem en beskryf die DRIE prioriteitsvlakke in noodhulp. (6)

3.2 Noem TWEE plekke aan 'n volwassene of kind se liggaam, waar daar na 'n hartklop gesoek kan word. (2)

3.3 Dui TWEE tekens van skok aan wat jy by 'n pasiënt kan waarneem. (2)

3.4 Noem die DRIE grade van brandwonde. (3)

3.5 Definieer die term *steriel*. (2)
[15]

VRAAG 4: HANDGEREEDSKAP

4.1 Noem enige VYF soorte sae wat onder die kategorie van timmergereedskap ressorteer. (5)

4.2 Dui die funksie van 'n herwinningsmagneet aan. (2)

4.3 'n Poligoon (veelhoek) is 'n figuur met vele kante – gewoonlik meer as vier kante of hoeke.

Noem DRIE poligoonvorms. (3)

4.4 Verduidelik die proses wat gebruik word om laaghout uit te merk, te sny en te monteer om 'n eenvoudige bekisting te maak wat as 'n betonvorm gebruik kan word. (10)

4.5 Verduidelik die prosedure wat gevolg moet word om 'n eenvoudige oliesteenkis met behulp van 'n skaaf en 'n houtbeitel vir twee stukke hout te maak. (10)
[30]

VRAAG 5: LERE

5.1 Dui VYF riglyne aan waarvolgens 'n leer korrek geplaas moet word. (5)

5.2 Verduidelik die gevare van oorstrek wanneer daar vanaf 'n leer gewerk word. (5)
[10]

VRAAG 6: BOUERSBOKKE, STEIERWERK EN MOBIELE TORINGS

6.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	'n Sertifikaat wat die persoon in beheer van die oprigting van die steierwerk aan die terreinopsigter gee	A	koppelstukke
6.1.2	'n Platform wat op 'n paar bouersbokke rus	B	stut
6.1.3	Las pype aan mekaar om die steiers op te stel	C	voetborde
6.1.4	Pas by die onderkant van 'n stander en maak dit stabiel	D	vrydraer
6.1.5	'n Dun stukkie metaal of hout wat gebruik word om die algehele struktuur te versterk	E	nievoldoening
6.1.6	Die oppervlak wat die gewig van die steiers sal dra	F	oorhandigingsertifikaat
6.1.7	'n Uitsteekstruktuur wat slegs aan een ent ondersteun of vasgemaak word	G	klaringsertifikaat
6.1.8	Wanneer daar nie aan die vereiste regulasies voldoen word nie	H	mobiele toring
6.1.9	Word onder die voetplaat geplaas om groter stabiliteit aan die steierwerk te verleen	I	steierwerksplatform
6.1.10	'n Soort wieletjie wat kan draai; gewoonlik is daar 'n rem aan	J	rolwieletjie
		K	voetplate
		L	dra-oppervlak

(10 × 1) (10)

6.2 Dui VYF veiligheidsfaktore aan wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n bouer se bouersbokwerksplatform opgerig word. (5)

6.3 In SANS 398-3:2005 word streng riglyne gegee vir die verskuiwing van 'n mobiele toring.



Dui VYF riglyne aan waaraan voldoen moet word wanneer 'n mobiele toring geskuif word. (5)

6.4 Noem VYF dele van 'n onafhanklike steier. (5)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou